Jesus roep my

# Ek is die weg en die waarheid en die lewe

## Bybelteks

*Jesus sê vir hom: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. As julle My leer ken het, sal julle ook my Vader ken. En van nou af ken julle Hom, en het Hom reeds gesien."*

**– Johannes 14:6-7**

## Kernwaarheid

**Jesus is die weg en die waarheid en die lewe. Ons ken God deur Jesus.**

### WELKOM

- Ken jy die pad van julle huis tot by jou skooltjie?
- En die pad van julle huis tot by die kerk?

### WONDER

- Jesus vertel vir sy dissipels dat Hy weggaan. Waarheen gaan Jesus?
- Filippus wil weet hoe hy en die ander dissipels ook daar kan uitkom. Wat sê Jesus vir hulle?

### WEES

Kyk na die paadjie wat jy gesoek het en onthou dat Jesus die pad na God is.

### WEGSTUUR

Sê Johannes 14:6 vir jou huismense op: Jesus is die weg en die waarheid en die lewe.

# Kleur hierdie prentjie in.

